


# INLIGTINGSGIDS 2024

Liewe ouers

Springbokkie Kleuterskool is die beste kleuterskool! Ons spog met ruim klaskamers en twee groot speelgronde buite, waar kreatiewe denke gestimuleer word d.m.v. probleemoplossing en spel. Spel is belangrik vir die totale ontwikkeling van 'n kind (emosioneel, kognitief, liggaamlik en sosiaal).

Ons is 'n Christelike skool en ons normes en waardes is op die Bybel gegrond. Ons stel eerlikheid hoog op prys. Respek is 'n belangrike eienskap wat ons by die kinders kweek.

Die personeel by die 2-5 jarige klasse beskik oor 'n 4 jaar onderwysgraad. Die personeel is baie liefdevol en vriendelik en dit is vir ons belangrik dat die kinders veilig en geborge voel. Elke kind is vir ons spesiaal en uniek. Springbokkie se personeel werk as 'n span saam om die sukses van ons skool te verseker en beskik oor hoë werksetiek en werkstrots.

Ons het 'n baie betrokke ouergemeenskap. Ons ouers dien as Beheerraad wat die skool bestuur, in samewerking met die skoolhoof. Ons ouers vorm 'n belangrike vennootskap met die skool, wat die kinders se ontwikkeling voorop stel.

Vandat Springbokkie Kleuterskool sy deure in 1977 geopen het, rus God se seën op ons skool en beleef ons daagliks Sy genade en liefde.

Groete

Suzette de Villiers & Madelein White
(Skoolhoof) (Onderhoof)




Tel: 084 881 8818 • admin@springbokkieks.co.za • 145 Springbokstraat, Wierdapark
Springbokkie Kleuterskool

# WAT IS ONS WAARDESISTEEM?

**Liefde**
vir God, jou naaste en jouself

**Geloof**
wat 'n voorreg om in 'n Christelike skool ons geloof te mag uitleef.

**Respek**
vir mekaar, asook speelgoed

**Vriendelikheid**
teenoor maats en personeel

**Eerlikheid**

# WAT MAAK ONS SKOOL DIE BESTE?

- Gegradueerde onderwyseresse by die 2-5 jariges se klasse.
- Liefdevolle, ervare onderwyseresse by 0 - 2 jariges.
- Geskoolde en ervare assistente in elke klas.
- Klein klassies - onderwyser/kind verhouding:
  3 - 18 maaande: 1:4
  1 - 2 jariges: 1:6
  2 - 3 jariges: 1:8
  3 - 5 jariges: 1:12
- Ons gebruik die Universiteit van Pretoria se departement van Vroeë kinderontwikkeling se leergidse en handleidings,asook die SAOU (Suid Afrikaanse Onderwysersunie) se handleiding.
- Ons volg 'n dagprogram, sodat die kinders 'n goeie roetine het.
- Die onderwyseresse doen weekliks lesvoorbereiding vir elke tema.
- Uitstekende opvoedkundige apparaat en oorgenoeg speelgoed.
- Elke kind het sy eie matrassie, laken, kussing, kombers, waslap en waterbottel.
- Bak en brou.
- Instappies, bv. die brandweer, 'n hondevertoning ens.
- Poppekasvertonings.
- Spesiale funksies: Oupa- en Oumadag .
- Pretdae: Karakterdag, Liefiedag, Beertjiedag, Skool se verjaarsdag en Lentedag.
- Christelike feesdae: Paasfees, Hemelvaart en Kerspartytjie
- Fondsinsamelings bv. Glow Run en Fliekaand.
- Jaarlikse kalender met temas en belangrike datums.

# HOE WORD DISSIPLINE TOEGEPAS?

- Met liefde, wedersydse vertroue en respek.
- Streng, beslis, maar regverdig.
- Konsekwent.
- Duidelike en vaste reëls.
- Kinders word nie toegelaat om ander, hulself of eiendom skade aan te doen nie.
- Geen lyfstraf.

**Hoe straf ons?**

- Ontneem voorregte of verwyder kind uit die situasie.
- Indien die gedrag herhaaldelik voorkom, sal ouers gekontak word.
- *"Time-out"* volgens kind se ouderdom.

# HOE WERK DIE BESTUUR VAN DIE SKOOL?

Die skool behoort nie aan 'n eienaar nie, maar aan die ouers van die skool. Die skool word deur die hoof bestuur, in samewerking met die Beheerraad. Sewe Beheerraadslede word tydens die Algemene Jaarvergadering verkies uit die ouers van die skool. Die vergadering is die hoogste gesag en word deur al die ouers bygewoon in die begin van die jaar.

**ONS IS GEREGISTREER AS 'N NIE-WINSGEWENDE ORGANINSASIE EN ALLE WINS WORD TERUGGEPLOEG IN DIE SKOOL.**

# DAGPROGRAM

| KLEUTERS (3–5 JAAR) OLIFANTJIES, BEERTJIES EN UILTJIES | |
|---|---|
| 06:45 | Aankoms en TV |
| 07:00 | Vryspel binne en opruim |
| 07:45 | Bybel, weer, register en "slimword"-aktiwiteite (kleure/vorms/syfers/klankie) |
| 08:10 | Ontbyt en vryspel buite |
| 08:45 | Eerste gerigte aktiwiteit: |
| | • Temabespreking (elke week word 'n ander tema bespreek)/<br>• Nuus (kinders vertel hulle eie nuus)/<br>• Versie/<br>• Uitstappie (op speelgrond, bv. kyk na die tuin in die lente)/<br>• Wetenskap/<br>• Persepsie/<br>• Vroeë gesyferdheid |
| 09:05 | Tweede gerigte aktiwiteit: sang/musiek/beweging |
| 09:25 | Skeppende aktiwiteite |
| 10:20 | Opruim en toiletroetine |
| 10:30 | Verversings |
| 10:45 | Vryspel buite en opruimtyd |
| 12:00 | Derde gerigte aktiwiteit: Storie |
| 12:15 | Toiletroetine, rustyd / vertrek |
| 13:30 | Naskool begin |

Naskool se dagprogram word gevolg.

| PEUTERS (2–3 JAAR) TIERTJIES | |
|---|---|
| 06:45 | Aankoms en TV |
| 07:00 | Vryspel binne en opruim |
| 07:45 | Toiletroetine, ontbyt en vryspel buite. |
| 08:45 | Toiletroetine, Bybel, weer en register |
| 09:05 | Eerste gerigte aktiwiteit: |
| | • Temabespreking (elke week word 'n ander tema bespreek)<br>• Nuus (kinders vertel hulle eie nuus)<br>• Versie<br>• Uitstappie (op speelgrond, bv. kyk na die tuin in die lente)<br>• Wetenskap<br>• Persepsie<br>• Vroeë gesyferdheid |
| 09:05 | Skeppende aktiwiteit/Tweede gerigte aktiwiteit: sang/musiek/beweging |
| 09:50 | Opruim en toiletroetine |
| 10:00 | Derde gerigte aktiwiteit: Storie |
| 10:10 | Toiletroetine |
| 10:25 | Verversings |
| 10:45 | Vryspel buite en opruimtyd |
| 12:00 | Toiletroetine |
| 12:15 | Rustyd / Vertrek |
| 13:30 | Naskool begin |

Word aangepas vir die 1 - 2 jariges (Muise- en Leeutjieklas ).

# WAT OM IN TE PAK

## HASIES (BABA'S)

Elke kind het sy/haar eie doeke-laai of rakkie wat gemerk is met u kind se naam en simbool.

Pak asb. die volgende in:

- 'n Pak doeke (geen lapdoeke nie)
- Wet wipes
- Boudsalf
- Spoegdoeke
- Fopspeen op 'n "*dummy chain*" (indien u baba 'n fopspeen gebruik).
- 3 stelle skoon klere (Hou asseblief die weer in gedagte wanneer u klere inpak).
- Formule melk en water moet asb. reeds korrek afgemeet wees in gesteriliseerde bottels. Indien u kind borsmelk drink, moet dit asb. reeds ontdooi wees in 'n "cooler" sakkie met yspakke.
- 6 borslappies
- Alles moet asseblief duidelik gemerk wees met u kind se naam en van.

## MUISE, LEEUTJIES EN TIERTJIES (wat nog moet "potty train") (PEUTERS)

Elke kind het sy/haar eie doeke-laai of rakkie wat gemerk is met u kind se naam en simbool.

Pak asb. die volgende in:

- 'n Pak doeke (geen lapdoeke nie)
- Wet wipes
- Boudsalf
- Spoegdoeke
- Fopspeen op 'n "*dummy chain*" (indien u baba 'n fopspeen gebruik).
- 3 stelle skoon klere (Hou asseblief die weer in gedagte wanneer u klere inpak).
- As u kind besig is met "potty training" pak asseblief genoegsame onderklere en skoon klere in. (Verkieslik nie "pull-up" doeke nie).
- Indien u kind nog bottel drink, pak dit asseblief ook in (Gesteriliseerde bottels met die korrekte hoeveelheid water en afgemete formule melk).
- 3 borslappies (indien nodig)
- Alles moet asseblief duidelik gemerk wees met u kind se naam en van.

## TIERTJIES (wat reeds ge-"potty train" is) (PEUTERS)

- 3 stelle skoon klere (Hou asseblief die weer in gedagte wanneer u klere inpak).
- Alles moet asseblief duidelik gemerk wees met u kind se naam en van.

## OLIFANTJIES, BEERTJIES EN UILTJIES (KLEUTERS)

- 1 stel skoon klere (Hou asseblief die weer in gedagte wanneer u klere inpak).
- Alles moet asseblief duidelik gemerk wees met u kind se naam en van.

# GESONDE KOSBLIK

U kind se kosblik moet hom energie gee vir sy skooldag. Maak dit maklik deur vooraf 'n spyskaart uit te werk, sodat u nie saans of soggens hoef te wonder wat u moet inpak nie. Kinders moet 'n gemerkte kosblik met gesonde verversings bring vir 10:00/10:30. 'n Toebroodjie, provitas, vrugte (geskil en gesny) tamaties, komkommers, worteltjies, kaas, koue vleis, biltong/droëwors, grondboontjies, rosyntjies, neute, worsies, gedroogte vrugte, halwe ontbytstafe, ±3 "mini cheddars" soutkoekies of jogurt **met 'n lepel**. Ons verskaf Oasis water.

GEEN koeldrank, lekkergoed, koekies, "cupcakes", sjokolade muffins, skyfies of 'n pakkie "mini cheddars" soutkoekies word toegelaat nie. Bederf hom/haar liewer met 'n briefie/prentjie in sy/haar kosblik.

### HASIES EN MUISE

Vanaf 8 maande moet u asb. gesonde vingerhappies inpak. Die babas word aangemoedig om self te eet. Geen sakkies kos/*squeezies* nie, asb. Geen koekies of skyfies nie.







**Naskoolhoofde:**
**Melanie & Erika**





# HOE WERK DIE NASKOOL?

**Tye: 13:30 - 17:30**
**Gebalanseerde middagete om 13:30**
**Bekwame en liefdevolle naskoolpersoneel**

**Oop tydens vakansieskool.**

| NASKOOL–DAGPROGRAM | |
|---|---|
| 13:30 – 13:40 | Opstaan en toiletroetine |
| 13:40 – 14:00 | Etenstyd |
| 14:00 – 15:15 | Vryspel buite |
| 15:15 – 15:30 | Toiletroetine en ysies (*"hot chocolate"* in die winter) |
| 16:00 – 16:15 | Vryspel buite. Trek baadjies en skoene aan (winter) |
| 16:15 – 16:30 | Opruim |
| 16:30 – 17:30 | TV |
| 17:30 | Naskool sluit |

**Naskool sluit 12 Desember 2024 om 17:30**

# WATTER BUITEMUURSE-AKTIWITEITE WORD AANGEBIED?

Alle buitemuurse-aktiwiteite word op ons perseel aangebied. Dit word tydens vryspel-buite aangebied en beinvloed dus nie die klastyd nie.

Die volgende buitemuurse-aktiwiteite word aangebied:

- Little Titans Cricket
- RSD Skills Rugby
- Gonna-be Gholfers
- Pretoria ballet
- Dance Mouse
- Monkeynastix
- Dance Mouse Tots
- Martin's Fun Gumnastics

# HOE WORD ASSESSERING GEDOEN?

- Daaglikse informele assessering wat deurlopend plaasvind.
- Formele assessering
  1ste kwartaal: Aanpassingsverslag
  2de & 4de kwartaal: Assesseringsverslag(SAOU kurrikulumdienste se assessering wat aansluit by die handleiding.)

# AANKOMS– EN VERTREKTYE

| | |
|---|---|
| 06:30 - 06:45 | Vroeë aankoms (versoek kan per epos gestuur word vir goedgekeuring). |
| 06:45 - 07:45 | Aankoms |
| 07:45 | Akademiese program begin |
| 12:15 - 13:30 | Vertrek (skool sluit vir halfdag kinders) |
| 13:30 - 14:00 | Etenstyd (hek gesluit) |
| 17:30 | Skool sluit vir naskool |

**Sekuriteitskaartjies moet elke dag getoon word, voordat u, u kind kan afhaal.**

# SKOOLFOOIE VIR 2024

Alle skoolfooie is vooruitbetaalbaar oor **11 maande** vanaf 1 Januarie tot 1 November voor/op die 2de van elke maand.

| | HALFDAG | VOLDAG |
|---|---|---|
| **Hasies en Muise (Babas)** | R3 505 | R5 215 |
| **Leeutjies en Tiertjies (Peuters)** | R3 505 | R5 215 |
| **Olifantjies, Beertjies & Uiltjies (Kleuters)** | R2 915 | R4 425 |
| | | |
| **Registrasiegelde & Klasfonds** | R1 850 (eenmalig) | |
| **Vakansieskool** | R55 per oggend | |
| **Halfdag op "ad-hoc" basis** | Peuter @ R90 per voldag<br>Kleuter @ R80 per voldag | |
| **Halfdag op "ad-hoc" basis (slegs ete)** | Peuter @ R48 (tot 14:30)<br>Kleuter @ R43 (tot 14:30) | |

**BANKBESONDERHEDE:**

| | |
|---|---|
| Bank: | ABSA |
| Rekening naam: | Springbokkie Kleuterskool |
| Rekening nommer: | 408 202 5957 |
| Tak kode: | 632005 |
| Verwysing: | Kind se rekening no. of naam en van |
| Epos bewys van betaling na: | finansies@springbokkieks.co.za |




## BAK-EN-BROU LEER ONS:

- Tipes kos
- Voorbereiding en eetmetodes
- Identifiseer die name van die bestanddele
- Om higiënies met kos te werk
- Korrekte hantering van kombuisapparaat
- Om 'n reseptekaart te kan "lees"

## WAARVOOR WORD KLASFONDS AANGEWEND

Die bedrag van R1 850 is betaalbaar binne 7dae na aanvaarding.

Klasfonds sluit die volgende in:
Twee waterbottels, waslap, kalender, simbool "*stickers*", stel naam "*stickers*" vir bottels (Hasies- en Muiseklas), "*wet wipes*", "*tissues*", toiletpapier, papier, karton, vetkryt, inkleurpotlode, viltpenne, uitdraaikryte, bordkryt, ogies, tossels, houtstokkies, gom, pastelle, verf, voedselkleursel en geursel, kreukelpapier, tissuepapier, strooitjies, lint, blinkers, vere, gewone en blinker "*foam*", lap, waterapies, papierborde, knope, kolwyntjie houertjies, skêre, verfkwaste, stempels, rollers, voorskote, doilies, raffia, watte, wol, ens.
Elke maatjie ontvang 'n klein geskenkie op hul verjaarsdag.
Bak-en-brou 11 keer per jaar, volgens elke ouderdomsgroep.

Dit sluit ook die jaar se instappies en spesiale geleenthede in soos bv. Brandweer, Liefiedag, Hemelvaart, Puppetales Poppekas, Karakterdag, Lentedag, Beertjiedag, Kersfees ens.

## WAT BEHELS VAKANSIESKOOL

**SKOOL OPEN 17 JANUARIE 2024**

**VAKANSIESKOOLDATUMS 2024:**

| **20 Maart - 11:00** | **14 Junie - 11:00** | **24 September - 11:00** | **11 Desember** |
|---|---|---|---|
| 25 Maart - 2 April | 18 Junie - 8 Julie | 25 September - 30 September | 12 Desember; 13 Desember om 11:00 |
| (5 dae) | (15 dae) | (4 dae) | (1 dag) |

Die Kleuterskool is oop gedurende die skoolvakansies vir ons Springbokkie maats, soos deur die Departement van Onderwys bepaal. Gedurende die skoolvakansie volg ons 'n vakansieskoolprogram en nie ons vasgestelde kurrikulum nie. Die doel van die vakansieskool is om u kind te bederf en ook 'n ruskans te gee. Ons streef daarna om elke dag van die vakansieskool opwindend en propvol pret en plesier te maak. DIT IS MOS VAKANSIE!

Ons vra 'n addisionele bedrag van R55 per kind, per dag. Voor elke vakansieskool ontvang u 'n vakasieskool-skeurstrokie, waarop u aandui watter dae u kind die vakansieskool gaan bywoon. U betaal vir die dae wat deur u bespreek is. Ons wend die addisionele R55 aan vir daardie dag se bederf, byvoorbeeld: 'n speelding wat by die betrokke dag se tema pas, poppekaste, instappies (Wetenskap, dans, beweging ens.) sensoriese dae, bakkersdae, teepartytjies en waterpret.





## VERJAARSDAG REËLINGS

Die verjaarsdagkring word in die klas gehou deurdat die kind 'n kroon ontvang, die maatjies sing en kersies word geblaas. Daarna is dit die partytjie, saam met etenstyd.

Die skool verkoop verjaarsdag-lekkergoedpakkies @ R15 'n pakkie. Hasies en Muise kan @ R8 bestel. Die pakkies word by die skool gepak en aan die kinders uitgedeel. U kan 'n epos aan die skool stuur om te bestel by admin@springbokkieks.co.za.

Geen bestelling mag in die skoolvakansie geplaas word nie. Maats ontvang ook nie in die vakansie verjaarsdagpakkies nie. Dit word voor of na die vakansie gedoen.

Die verjaarsdagpakkies vorm deel van die skool se fondsinsamelingsprojekte, dus kan u ongelukkig geen lekkergoed of koek skooltoe stuur nie.




## KOEKEDOORTJIE (SNOEPIE)

**KOEKEDOORTJIE-DAG**

Vrydae is Koekedoortjie-dag! Ons skool se Koekedoortjie-dag is deel van ons skool se fondsinsameling.

**Hoe werk ons Koekedoortjie-dag?**

Dit is vir die Leeutjies, Tiertjies, Olifantjies, Beertjies en Uiltjies (Hasies en Muise is nog te klein).

Elke mamma kry 1 of 2 beurte 'n jaar om vir die hele klas snoepie te bring, wat die maatjie dan verkoop teen R15. Al die R15 gaan na die skool toe, wat dan bydra tot ons fondsinsameling. In die begin van die jaar sal daar 'n Koekedoortjielys in die voorportaal opgesit word, waar ouers 'n datum en tema kan kies, vir wanneer hulle die snoepie wil bring.

Die Koekedoortjiegeld word op u rekening gehef per kwartaal en word per "EFT" betaal.
(Onthou asseblief geen suigstokkies of speelgoed nie.)











# SKOOLREËLS

Die skoolreëls is blywend en sal onder geen omstandighede vir enige persoon aangepas word nie.

**1. KLERE EN SKOENE**

Merk asseblief alles. Die verlore klere word voor die Muiseklas gebêre. Na 2 weke word die klere geskenk aan minderbevoorregte kinders. Kinders moet in die somer verkieslik kaalvoet skooltoe kom. Ons vra asseblief dat kinders **nie tekkies met veters dra nie, eerder die wat met velcro vasmaak**. Dogtertjies moet asseblief "skipants" onder hul rokkies/rompies aantrek. Alle kleuters moet onderbroeke of "panties" dra. Dit is beter dat kinders nie belde aansit skooltoe nie. Hulle kan dit nie self los- en vasmaak nie en gebruik dit soms om mekaar mee te slaan of te verwurg. **Geen "spiderman"-klere met mantels, maskers of feëtjievlerkies word toegelaat nie.** Ons het fanta-sieklere vir buitespel en sal u laat weet as ons `n temapartytjie het

**2. SPEELGOED EN JUWELE**

GEEN kinders mag hul eie speelgoed skooltoe bring nie ("stickers", boeke, penne, sagte speelgoed en balle is ook speelgoed). Ons vra ook dat die dogtertjies asseblief nie krale, armbande, krone, vlerkies en hoëhakskoene skooltoe bring nie. Hulle aandag word daardeur afgelei en dit word gebruik as "afpersmiddel" teenoor maatjies. Seëlringe word op eie risiko gedra. Geen horlosies, asseblief.

**3. HARE**

Seuntjies se hare moet kort en netjies wees. Geen "punk" haarstyle word toegelaat nie. Dogtertjies se hare moet asseblief uit hul ogies wees. Lang hare moet verkieslik vas wees.

**4. SONBLOK**

Dit is u as ouer se verantwoordelikheid om reeds tuis vir u kind sonblok aan te smeer.

**5. KOPLUISE**

GEEN kinders word toegelaat by die skool, indien hul kopluise het nie. Ouers word geskakel indien ons dit opmerk. Die betrokke kind moet onmiddellik afgehaal word en die hare moet behandel word. As daar na behandeling nog nete vasklou,
moet dit eers verwyder word, voordat u kind hertoegelaat sal word.

**6. MEDIKASIE**

Geen medisyne, vitamiene, homopatiese medisyne of antibiotika mag deur onderwyseresse aan kinders gegee word nie. Gee dit asseblief self tuis. ("As per The Medicines Control Act, no-one exept a Doctor, Dentist, Veterinary Surgeon or a Pharmacist may prescribe or even hand out any medication.")

**7. ALLERGIEË**

Dit is u as ouer se verantwoordelikheid om enige allergieë onder u kind se klasonderwyseres se aandag te bring. Daar word `n lysie met al die kinders en hul allergieë in elke klas opgesit, asook in die kombuis. Stuur asseblief die nodige medikasie vir u kind se allergie. NB! 'n Doktersbrief mag van u verwag word.

**8. INENTING, KOORS EN AANSTEEKLIKE SIEKTES**

Enige kind wat `n abnormale hoë koors toon, se ouers sal geskakel word. Babas/Peuters wat vir hul inenting gaan, moet verkieslik vir die res van die dag tuis bly. Indien die personeel vermoed dat `n kind 'n aansteeklike siekte het, sal die ouers onmiddellik in kennis gestel word om die kind te kom haal. Die skool kan ook vereis dat u 'n mediese sertifikaat verkry om `n kind se gesondheidstoestand te verklaar, indien die vermoede bestaan dat die betrokke kind ander kan aansteek. Kinders met oordraagbare siektestoestande word nie by die skool toegelaat nie, asook kinders met onbeheerbare diarree en braking, ooginfeksies (konjunktivitis) met 'n afskeiding, mondsere gepaard met kwyl, veluitslag wat gepaard gaan met koors en enige aansteeklike siekte, **tensy 'n mediese dokter die kind se siektetoestand as onaansteeklik verklaar, tesame met 'n doktersnota.**

**9. ALGEMEEN**

Geen ouer/jonger boeties, sussies, nefies, niggies of vriende word by Springbokkie toegelaat om te kom "kuier" nie.